# Boekepryslys

***Mei 2010***

**www.lwboeke.co.za**

***Boeke is bestelbaar oor die pos, per e-pos, per faks, telefonies of per SMS***


*LW Bienedell, Parkerstr. 8, Riviera, Pretoria, 0084*

*Telefoon Sel* ***082 663 1881*** *of* ***082 352 9911***

*Vir bestelling per. E-pos:* *lw@lwboeke.co.za*

*Faks* ***086 524 7807*** *Landlyn* ***012 329 4083***


***Indien u enige spesifieke boek soek kan ons u help soek. Verskaf die besonderhede van die boek aan ons tesame met u besonderhede.***

Gebruik as titel van u bestelling "**Pryslys Mei 2010** " gevolg deur die **nommers van die boeke** en die totale bedrag verskuldig sowel as **u adresbesonderhede** ens. Ons sal binne 48 uur ontvangs van die bestelling erken.

***Alternatiewelik kan u die boeke wat u verlang onderstreep en die pryslys (of 'n fotostaat daarvan) met die betaling aan bostaande posadres stuur.***

Inbetalings vir boekaankope kan gemaak word in die rekening van
**L W Bienedell**, **ABSA**, spaarrekening no. **0008180253**
by **ABSA** takkode **509045**
*of*
**L W Bienedell, FNB,** spaarrekening no. **62125893059**
by **FNB** takkode **251545** Gezinatak

## 1. Algemene Geskiedenis

**1. Ons Geskiedenis** deur JP Botha, 243 bls. Sagteband. In hierdie werk word die geskiedenis van Suid Afrika van die afgelope drie eeue in n verhalende en boeiende trant weergegee. Alhoewel die boek n relatiewe kort relaas oor die geskiedenis van Suid Afrika bevat, in vergelyking met ander bestaande lywige bundels, verskyn daar op verskeie plekke interessante gegewens wat nie in ander geskiedenisboeke voorkom nie. **R120**

**2. Ras, Volk en Taal – Opstelle Oor Ons Indo-Europese en Germaanse Voorgeskiedenis en Identiteit** deur Mike Du Toit, 326 bls. Sagteband. Die skrywer het in diepte navorsing gedoen oor die rol wat ras, volk en taal oor duisende jare gespeel het in die vorming van die wit ras en ook die Afrikaner of Boerevolk soos hy vandag daaruit sien. **R190**

**3. Vryheidstryd van die Afrikaner vanaf volksplanting tot volksversaking** deur dr Pieter Möller. 431 bls., sagteband. Die boek oorspan die hele geskiedenis van die Afrikanervolk vanaf 1652 tot 1999. Ofskoon die boek deur ‘n historikus, op ‘n feite-getroue wyse geskryf is, lees dit lekker vloeiend en is dit baie interessant. **R150**

**4. Drie Eeue van Onreg** deur Dr JP Botha, 230 bls. Botha verskaf ’n geskiedkundige oorsig van ’n viktimiesasieveldtog wat oor drie eeue teen die Afrikaners en Boere gevoer word, eers deur die VOC en toe deur die Britte en hulle handlangers. **R90**

**5. Generaal JCG Kemp en die epiese Woestyntog** deur MCE van Schoor. 376 bls, 30 fotos, met een groot oopvou kaart. Gedurende die Rebellie van 1914-1915 vind een van die merkwaardigste episodes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis plaas. Genl. Jan Kemp en sy Rebellekommando van 600 man pak ‘n uitmergelende tog deur die Kalahariwoestyn aan om aansluiting te probeer vind by genl. Manie Maritz. Die tog, wat op 2 November 1914 begin het, sou haas onbeskryflike eise aan mens en dier stel. Siener van Rensburg speel ‘n prominente rol maar sy raad word nie altyd aanvaar nie, met nadelige gevolge. Na 700 km bereik die kommando op 29 November die Duitswes-Afrika-grens by Nakop. By Nous, Lutzputs en Upington raak die rebelle met die Regeringsmagte slaags. **R180**

**6. Die Rebellie van 1914** (5 skrywers) In hierdie boek word die ses hooffigure van die 1914-15 rebellie behandel, nml Generaals De Wet, De la Rey, Beyers, Kemp, Maritz en Kommandant Jopie Fourie. Siener van Rensburg speel ook n belangrikke rol. 1996 gepubliseer. **R50**

**7. Rebellie-Sketse** deur P .H. S Boshoff, 133 bls. In die boek word die wedervaringe van Rebelle uit die 1914 Rebellie, feitlik in ’n ooggetuieverslag weergegee. Boshoff het ook ’n belangrikke aandeel in die rebellie gehad. **R80**

**8. Die Vierkleur Wapper Weer** – Die visioene van Siener van Rensburg, deur prof. AWG Raath en Nellie van Zyl, 480 bls. Sagteband. **R190**

**9. Afrika-styl Vryheid Demokrasie en Menseregte** deur LW Bienedell. 90 bls. Die toepassing van demokrasie en menseregte in 10 Afrikastate word bespreek aan die hand van werklike voorvalle en gebeure in dié lande. **R50**

## 2. Kursusboeke

**10. Kos en Kookkuns** A4 grote sagteband boek, 280 bls met meer as 2000 resepte van tradisionele Suid Afrikaanse geregte wat die hele spektrum dek. **R90.**

**11. Voedselpreservering** - Alles wat u wil weet van voedselpreservering, 129 bls, A4 grote boek, hardeband gebind in kunsleer. **R180**

**12. Seepresepte** deur Sarie Maree, 18 bls. Die boek bevat 43 resepte om seep te maak. **R30**

**13. Die Skiet Eerste en Bly Lewe Skietkursus** 80 bls. met 81 stap vir stap fotos wat toon hoe u uself kan oplei om ’n gedugte handwapen skut te word. Die boek dien ook as handleiding vir skietinstrukteurs .**R50**

**14. Veg vir jou Lewe – ’n Kurses in ongewapende selfverdediging vir dames,** 80 bls 120 stap vir stap fotos. **R40**

**15. Kort Begrip van Openbare Redevoering** deur Johan Bekker,48 bls. In hierdie boek word ondermeer spraakkuns tegnieke, toespraak konstruksie, stemgebruik, liggaamstaal, emosie, humor, die gebruik van notas, algemene foute van sprekers ens. behandel. **R60**

**16. Wildboerdery** deur Kallie Du Preez, A5, sagteband, 36 bls. Du Preez het diens gedoen as ’n Senior Natuurbewaarder en Eerste Nutuurbewaarder in die Etosha Wildtuin in Suidwes Afrika. Vriende het hom gevra om sy ondervinding te boek te stel wat hy in meer as dertig jaar in die wildbedryf opgedoen het. Sake wat hy bespreek is migrasie, wild en sy waarde, habitat, veldbenutting en bosindringing, veldbrande, droogtes, benutting van wildsprodukte, oes van wild, wildsiektes ens. Die boek is in eenvoudige taal geskryf en is prikkelende leesstof vir enigeen wat in die natuur belangstel. **R40**

**17. Ontsluier die heelal: ’n inleiding tot sterrekunde** deur JE Van Zyl, 363 bls. mate van boek (280x220x26)mm. Hardeband met glansomslag. Meer as duisend kleurfotos, sketse diagramme en tabelle wat u sal help om die sterrehemel feitlik soos n boek te lees. **R350**

## 3. Kalahari Mac boeke

**18. Kalahari Mac** deur Freddie Macdonald Deel 1, 148 bls. Hierdie boek is die eerste in die Kalahari Mac reeks en handel oor die skrywer, as penkop, se aandeel in die Tweede Vryheidsoorlog. **R80**

**19. In die Veld Teen Marengo**, Kalahari Mac Deel 2, 184 bls. In 1904, op vyftienjarige leeftyd sluit Kalahari Mac as vrywilliger by die Duitse leer in Duits-Wes aan en neem deel aan verskeie aksie belaaide veldtogte teen Marengo,“ ’n kommandant van die Hotnots.” **R80.**

**20. Agter die Skerms met die Rebelle**, Kalahari Mac Deel 3. Met die uitbreek van die Eerste Wêreld Oorlog, sowel as die Rebellie van 1914-15 in Suid Afrika, het Kalahari Mac hom by genl. Manie Maritz se magte aangesluit. Die rebelle was verplig om na Duits Wes uit te wyk. Na die oorgawe van die Duitse leer moes die rebelle nog verder vlug. **R80**

**21. Op Vlug Deur Donker Afrika**, Kalahari Mac Deel 4, 176 bls. Die handjie vol rebelle wat nie wou oorgee nie is in Angola gejag deur wilde swartes voordat hulle die beskawing kon bereik. Uiteindelik is hulle na Portugal gedeporteer **R80**

**22. Twaalf jaar as Banneling.** Tydens die Eerste Wereldoorlog is Kalahari Mac en sy vriende na Portugal gedeporteer. Na die oorlog kon hulle nie na Suid Afrika terugkeer nie omdat hulle van hoogverraad aangekla kon word, gevolglik het hulle vir twaalf jaar lank in verskeie Europese lande as bannelinge rondgeswerf voordat hulle uiteindelik na hul vaderland teruggekeer het**. R80**

## 4. Die Konsentrasiekampe en die rol van vrouens tydens die Tweede Vryheidsoorlog

**23. Die Konsentrasiekamp van Irene** deur Johanna Brandt, 112 bls. Die besonderse boek handel oor Johanna Brandt se verblyf in die Irene konsentrasiekamp. As verpleegster het sy gepoog om die lot van die gevange vrouens en kinders te verlig. Die boek het in 2002 vir die eerste keer in Afrikaans verskyn. Die boek is uit Hollands in Afrikaans vertaal deur Dr JP Botha. **R60**

**24. Herinneringe van mev De la Rey gebore Greeff – My Omswerwinge en Beproewings gedurende die Oorlog 1899-1902.** 100 bls., 8 foto's. Die vrou van genl. Koos de la Rey, mev Nonnie de la Rey, het die hele Tweede Vryheidsoorlog met haar kinders, deur gevlug. Hulle is nooit gevang nie. In haar interessante en spanningsvolle boek beskryf sy ook die gevangeneming van genl lord Methuen deur die Boere. Die besondere boek is nou vir die eerste keer in Afrikaans beskikbaar. **R60**

**25. Helkampe** deur Ewald Steenkamp. Sagteband, kleuromslag. Die boek vertel die smartlike ondervinding van 'n gesin in Britse konsentrasiekampe. (Helkampe) **R80**

**26. Should We Forget by E Neethling,** 88bls. Sagteband. Direk na die Tweede Vryheidsoorlog het Mev Neethling Europa besoek op aanbeveling van genl. Louis Botha. Sy het die Europese bevolking ingelig oor wat in die konsentrasiekampe plaasgevind het, en om hulp gevra vir die oorlewendes. Op hierdie staduim het Dr Andrew Murray op die toneel verskyn en haar aangeraai om die kampverhale op skrif te stel en n boek te publiseer. Die boek het reeds in 1902 verskyn. Met die lees van die boek kom die leser soms onder die indruk dat die gebeurtenisse net onlangs plaasgevind het. Dit was die eerste konsentrasiekampverhaal wat gepubliseer is, en dit in Engels. **R70**

**27. Die Kappiekommando - Boerevroue in Geheime Diens** (in diens van die Boerekommando's tydens die Tweede Vryheidsoorlog) deur Johanna Brandt, 260 bls., hardeband met glansomslag, 1999 uitgawe. **R120**

**28. Met die Boere in die Veld** deur Sarah Raal, 118 bls. Sagteband met kleuromslag. Sarah Raal het saam met haar broers op kommando gegaan, 'n vrou wat haar man kon staan. **R70**

**29. Onthou - In die Skaduwee van die Galg. 185 bls.** Die konsentrasiekampverhaal van Hendrina Rabie van der Merwe. Omdat sy so dikwels uit die konsentrasiekampe ontsnap het is sy later in verskeie tronke aangehou. **R85**

**30. Nooit Gevang nie,** Die ware verhaal van 'n Vrouevluglaer op die Vrystaatse vlaktes wat nooit gevang is nie deur Danie Stegman. **R50**

**31. Stemme uit die Vrouekampe,** versamel deur M. Postma, 174 bls.'n Reeks beëdigde verklarings van vrouens se ondervindings in die Britse konsentrasiekampe. Sluit nou ook die wedervaringe in van Genl's de Wet en Hertzog se vrouens. **R85**

**32. Mag Ons Vergeet?** deur E Neethling. 197 bls. Mev Neethling wat self in ’n konsentrasiekamp was het na die oorlog op versoek van genl. Louis Botha na Europa gereis waar sy vergaderings moes toespreek en inlig aangaande die lyding van die vrouens en kinders in die Britse konsentrasiekampe. Later het sy ook vertellinge van ander vrouens ingesamel en gepubliseer. **R85**

**33. Die Doornbultkonsentrasiekamp by Oranjerivierstasie** deur Rina Wiid, 182 bls. 15 kleurfotos, sagtebandf, 65 s/w fotos, 20 faksimiliee afdrukke van dokumente en briewe. In 1995 koop Lemmer Wiid die plaas Doornbult digby Hopetown. Hy ontdek die konsentrasiekampterrein wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog op Doornbult was, ondermeer klipgepakte tentvloere en oorblyfsels van ’n wye verskeidenheid gebruiksartikels. Rina Wiid het nakomelinge van die ingesetenis van die kamp opgespoor wat haar voorsien het van briewe, fotos, dagboeke en ander dokumente uit daardie tyd. Hierdeur, sowel as deur onderhoude en opleeswerk van ander temaverwante werke het sy daarin geslaag om ’n interessante nuwe konsentrasiekampboek saam te stel en inlgting te onsluit wat andersins in die vergetelheid sou verdwyn het. **R130**

**34. Uit die Donker Woud.** Die Konsentrasiekampverhaal van Ouma G.E. Bezuidenhoud, 138 bls. asook die skryfster se ontmoeting met Emily Hobhouse en ‘n slothoofstuk oor die 1914-Rebellie. **R80**

**35. Die Konsentrasiekampe** deur JC Otto, 213 bls. Sagteband, 2005 uitgawe. Met die skryf van hierdie boek in die vyftigerjare is die eerste poging aangewend om die konsentrasiekampe van die Tweede Vryheidsoorlog uit ’n wetenskaplike hoek te behandel. Die boek is verdeel in twaalf hoofstukke. Otto haal gedurig voorbeelde uit die praktyk aan om sy stellings en argumente te staaf. Hierdie boek word baie sterk aanbeveel by persone wat meer oor die wel en weë van die kosentrasiekamplewe wil lees. **R150**

**36. Tant Miem Fischer se Kampdagboek Mei 1901-Augustus 1902,** 152 bls, hardeband met glansomslag. **R100**

**37. In die Konsentrasiekamp – Jeugherinneringe van Danie van Zyl.** 55 bls. Voorwoord geskryf deur CR Swart. [latere staatspresident] Van Zyl vertel hoe sy moeder en haar gesin deur die Britte weggevoer is na die konsentrasiekamp op Bloemfontein. Hy vertel wat hulle alles in die kamp moes deurmaak. Die eerste aand in die konsentrasiekamp het ’n donderstorm losgebars wat die tente omgewaai het. In die weerligstrale het die jong Danie gesien hoe moeders hul hande in die lug gooi en huil en bid terwyl kinders huilend in die modder en reën rondkruip. Hy was oortuig dat die oordeelsdag aangebreek het. Hierdie boek is sterk aanbeveel deur CR Swart. **[staatspresident] R45**

**38. Drie Onafhanklike Kampverhale** deur Susarah Nel, Gys van Rooyen en JG Kirchner, 60 bls. sagteband met n voorblad skets uit die dagboek van N De Wilde. Boekie is saamgestel deur Roelf Odendaal. **R40**

## 5. Paul Kruger en ander Biografieë

**39. Vreeslose Drienie–Die Lewe van Hendrina Joubert** deur Celestine Pretorius, 106 bls., 35 X 40 cm. Hardeband met glansomslag. Ongeveer 200 fotos en prente. Die boek is sowel ’n fotobiografie en ’n outobiografie wat handel oor die eggenote van die

Kommandant genl. van die ZAR, Piet Joubert. Sy is op 27 Oktober 1830 digby Richmond in die Kaap gebore. Sy het as jongmeisie die Groot trek meegemaak en het verskeie aanvalle deur swartes oorleef, ondermeer by Vegkop. Daar word berig hoe sy die jong Piet Joubert ontmoet het en oor hul getroude lewe. In teenslling met die meeste vroue van haar tyd, het Drienie aktief in haar man se loopbaan en militere operasies belanggestel en het hom op die meeste van sy militere togte wat hy uit die aard van sy pligte as kommandant-generaal moes uitvoer, vergesel. Die beroemste insident was by Majuba toe sy die Engelse op die berg gesien het en alarm gemaak het. Oor haar belangrikke rol in die 1915 vroueoptog na die Uniegebou om te pleit vir die vrylating van die rebelleleiers van die 1914-15 rebellie, word op dramatiese wyse bespreek. **Prys R250**

**40. Robey Leibbrandt Vertel Alles in Geen Genade** 215 bls. Robey vertel van sy kinderdae en kinderkattekwaad, sy opleiding by die Polisie Kollege in Pretoria in die dertigerjare, sy deelname aan die Olimpiese Spele in Berlyn in 1936, sy opleiding in die Duitse leer as valskermsoldaat, sy koms na Suid Afrika met ’n seilboot gedurende die oorlog en sy pogings om die Smutsregering tot ’n val te bring**. R120**

**41. Die Burgemeester van Sannaspos.** Die boek is die oorlogsoutobiografie van N J van der Merwe. In 1900 was NJ van der Merwe op 11 jarige ouderdom die oudste manlike persoon op Sannaspos, en is hy straks as Burgemeester benoem. Later het Sannaspos se mense in die Norvalspont-konsentrasiekamp beland (N J van der Merwe was ook die eerste hoofleier en stigterslid van die Voortrekkerbeweging en skoonseun van Pres. Steyn) **R85**

**42. Die Gedenkskrifte van Paul Kruger** – Sy herinneringe soos meegedeel aan HC Bredell en Piet Grobler. Die boek kan beskou word as president Paul Kruger se outobiografie. 258 bls. **R120**

**43. Die Lewe van Paul Kruger** deur Ds JF Viljoen, 102 bls, sagteband met kleuromslag **R60**

**44. Paul Kruger - Christen-Volksman-Staatsman** deur Dr F Postma, 164 bls, sagteband met kleuromslag. **R75**

**45. Kruger in Lourenco Marques** deur Prof. OJO Ferreira, A5, sagteband, 114 bls, 38 fotos en prente. In die unieke boek word ’n klem gelê op die tydperk van 11 September 1900 tot 20 Oktober 1900 in Paul Kruger se lewe. Op 11 September hy hy die ZAR gebied verlaat en met die trein na Lourenco Marques gereis. In LM is hy as gas van die goewerneur goed behandel en opgepas. Op die 20ste Oktober 1900 het hy Lourenco Marques met die Hollandse oorlogskip “Die Gelderland” verlaat en na Europa gereis. Paul Kruger is in opdrag van die ZAR regering na Europa gestuur om moontlike oorlogshulp vir die Boere te probeer beding. **R70**

**46. Kruger in Lourenco Marques** by Prof. OJO Ferreira [engl.] **R 70**

**47. Paul Kruger se Laaste Jare** deur Prof Paul Zietsman. 50 fotos o.m. ‘n foto van Paul Kruger wat nog nooit voorheen gepubliseer is nie. Prof Zietsman is ‘n historikus en ‘n deskundige op die laaste staatpresident van die ZAR. Die boek handel oor die jare 1900 tot 1904 in Paul Kruger se lewe. Die boek is die mees omvattende boek wat gepubliseer is oor hierdie tydperk van sy lewe. Dit beskryf ondermeer die duisende mense wat hom in verskeie Europese lande op spoorwegstasies en in hawens ingewag het om hom ‘n heldeontvangs te gee. Nog nooit tevore of daarna het ‘n persoon van Suid Afrika sulke ontvangstes aanskou nie. Die boek sluit af met Paul Kruger se begrafnis in Pretoria op 16. Desember 1904. **R190**

**48. Hans Dons de Lange – Bobaasverkenner van die Voortrekkers** deur Buks du Plessis. 260 bls. Sagteband met kleuromslag. Hierdie is die mees omvattende biografie wat nog oor hierdie beroemde Voortrekker verskyn het. **R100**

**49. Paul – Die lewe van Paulus Jacobus du Plessis – Pionier van Swaërshoek** deur Buks du Plessis, ŉ onbekende maar begaafde skrywer. 283 bls. In 1798 het Paul met sy ouers van Tulbagh distrik na die Nuweveld Berge en Kamdebo getrek tot by Swaershoek in die distrik Somerset – Oos. Hy word heemraad en veldkornet. Paul het ŉ uiters avontuurlike lewe in n tydperk waaroor bittermin oor ons geskiedenis bekend is. Prys **R120**

**50. Marthinus Theunis Steyn–regsman,staatsman en volksman** deur MCE van Schoor, A5, Sagteband met kleuromslag, 448 bls, 50 fotos. Volgens tydgenote het pres. Steyn ŉ besonderse optimistiese lewensuitkyk gehad. Dit is te betwyfel of hy sonder hierdie eienskap die uitstaande staatsman en volksman sou geword het om as voorbeeld te dien vir die nageslagte. Net soos in Steyn se tyd, leef vandag se Afrikaner weer in ŉ tyd waarin ŉ optimistiese lewensbeskouing hom oor allerlei hindernisse moet en kan dra. Hierin lê die waarde van die boek. Dit handel oor ware gebeurtenisse in ons geskiedenis. Dit handel oor ŉ man se wil van staal om sy volk te lei en sy volk se eer en selfrespek te te red en te bewaar. Die lewensverhaal van pres. Steyn is ineengestrengel met die groot histories gebeurtenisse en persoonlikhede van sy tyd, vriend en vyand. Die leser van hierdie biografie leer dus baie oor die geskiedenis asook oor ander persoonlikhede met wie pres. Steyn in aanraking gekom het. Prys **R200 plus R30 posgeld=R230**

**51. Pres. Steyn aan die woord – openbare geskrifte en toesprake van Marthinus Theunis Steyn,** vertaal**,** byeengebring en van aantekeninge voorsien deur JJ Oberhoslter en MCE van Schoor. 237 bls. **R130**

## 6. Die Tweede Vryheidsoorlog

**52. Maar Doodkry is Min** deur Willem Naude, 206 bls. Sagteband. Willem Naude, ŉ inwoner van Vrede het jare spandeer om die geskiedenis van sy omgewing na te vors en op te teken. Die boek bevat n kultuurhistoriese verslag van die verloop van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. Gebeure, hoofsaaklik in die Noordoos-Vrystaat word toegelig deur die bekendstelling van tot dusver onbekende dagboeke, dokumente, foto's en vertellings van algemene belang. Behalwe interessante vertellings bevat die boek talle fotos en afdrukke van oorspronlike dokumente, handgetekende kaarte, amtelike dokumente, naamlyste ens. **R120**

**53. Die Long Tomkanonne** deur DC Grobler, 28 bls. 14 fotos, 5 sketse. In die boek "The Great Boer War" deur Conan Doyle skryf hy: "Laat dit op rekord gestel word, dat ons vyand, die Boere, beter op hoogte is van moderne ontwikkeling as onsself; hulle kan ons nie alleen die grootste bom wat nog ooit gebruik is, toon nie, maar ook die kleinste". Doyle het spesifiek ook die 4 Franse Long Tom-kanonne ingedagte gehad toe hy hierdie vleiende opmerking oor die Boere gemaak het . **R30**

**54. Derdepoort-Skandvlek op die Engelse Militere Geskiedenis** deur JP Botha, 84 bls. Derdepoort is gelee digby Rustenburg aan die Maricorivier. Op die oggend van 25 November 1899 is die vrouens, kinders en ander inwoners deur ŉ swart huurmag onder bevel van Britse offisiere aangeval. 45 mans, vrouens en kinders het gesterf. Die boek bevat ook inligting oor die aktiwiteite van Boerekommandos op die noordelike en noordwestelike grense van die ZAR wat selde in ander boeke voorkom. **R60**

**55. Christiaan Rudolph de Wet Krygsman en Volksman** deur MCE van Schoor, 325 bls, 40 fotos, slapband met glansomslag. Hierdie boek wat onlangs [Julie 2007] vir die eerste keer gepubliseer is, is die mees omvattende biografie wat nog oor De Wet verskyn het. Ongeveer ’n derde van die inligting in die boek kom uit argiewe en was waarskynlik nog nooit voorheen gepubliseer nie. Twee derdes van die boek handel oor De Wet se lewe voor en na die Tweede Vryheidsoorlog. Rigtinggewend vir ons tyd. **Prys R200**

**56. Viva Os Boers – Boeregeinterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902** deur OJO Ferreira. 306 bls, hardeband, 8 hoofstukke, 90 fotos **R220**

**57. The Boer Fight For Freedom** deur Michael Davitt, 586 bls. Hardeband, kunsleer omslag met goue letters. Davitt was ’n Ier wat hom 1899 na Suid Afrika gehaas om die Boere te kom help. As bekwame offisier het hy die hele oorlog deurgeveg en wêreld beroemdheid vewerf. **R350 [Afleweringstydperk is drie weke]**

**58. Die Kaapse Rebelle van die Hantam Karoo tydens Die Anglo-Boereoorlog** deur Eben Nel, A4 formaat, 710 bls. Ongeveer 100 s/w en kleurfotos, kaarte en dokumente. Hardeband met glansomslag. Met die tweede inval in die Kaapkolonie deur die Republikeinse magte onder leiding van n briljante offisierskorps, is daar n beroep op die koloniale Afrikaners gedoen om by hulle aan te sluit. Die rebelle van die Hantam Karoo het nie op hulle laat wag nie. Willem Steenkamp, die bekende skrywer skryf dat hierdie boek die oorlogs-bedrywighede in die Hantam Karoo vir die eerste keer in detail aanspreek. Verder skryf hy: “Hierdie boek sal ook ’n bietjie koue water in die gesig wees vir die Vrystaters en Transvalers wat al die jare geglo het dat net hulle geveg het, en dat die Kaaplanders papbroekig op hulle hande gesit het. Dat die boek op plekke opspraak sal verwek, is nie te betwyfel nie.” Genl. CR de Wet het verklaar: “Die Kaapkolonie was vir ons van groot hulp omdat hulle die vyand genoodsaak het om 50 duisend troepe uit die republieke te onttrek.” **R370+R50 pos =R420**

**59. Komdt. Danie Theron - Baasverkenner van die Tweede Vryheidsoorlog** deur JH Breytenbach,232 bls.Die boek het in 1950 vir die eerste keer die lig gesien en is in 2002 heruitgegee. Danie Theron se krygslis en dapperheid het so legendaries geword dat in die latere RSA die Danie Theron Krygskool na hom vernoem is. **R120**

**60. Die Oorlogsherinneringe van Genl. Chris Muller** 144 bls. Genl. Chris Muller, ’n baie bekwame generaal, het genl. Ben Viljoen in Oos-Transvaal opgevolg as Boereaanvoerder na Viljoen se gevangeneming in Januarie 1902. **R80**

**61. Slegtkamp van Spionkop** deur Dirk Mostert, 312 bls. Sagteband, direkte afdruk van oorspronklike. Henry Slegtkamp was ’n Hollander wat sy gewig aan die begin van Die Tweede Vryheidsoorlog ten volle by die Boere ingegooi het. Hy was so ’n goeie vegter dat sy naam in ’n kort tyd wereldbekend geword het. **R120**

**62. Die Vyf Swemmers** deur prof Johan Barnard. 275 bls. 33 fotos, hardeband met glansomslag. Hierdie boek berig oor ’n ware ontsnappingverhaal uit die Tweede Vryheidsoorlog. Die vyf Boere is in die Vrystaat deur die Engelse krygsgevangene geneem. Nadat hulle in Ceylon aangekom het, slaag hulle daarin om te ontsnap. Hulle word in Rusland en verskeie Europese lande soos helde ontvang. Later keer hulle deur Duitswes terug na Suid Afrika, sluit by genl. Manie Maritz se kommando aan en veg weer teen die Britte **R200**

**63. Vir Vryheid en vir Reg** deur Genl. JCG Kemp, 467 bls. Kemp tel onder die 10 bekendste Boeregeneraals van die Tweede Vryheidsoorlog,. 29 hoofstukke. Hierdie boek bevat Kemp se Tweede Vryheidsoorlog oorlogsoutobiografie. Sy kommando het veral in Wes Transvaal geoppereer**.** Sagteband, **R200**

**64. Christiaan Rudolph De Wet** 136 bls. Die boek bevat meer as 200 staaltjies uit die lewe van die legendariese Boeregeneraal **R70**

**65. Lewe die Majoor** Deur EP Theron. Die boek handel oor majoor Albrecht, hoof van die Vrystaatse artillerie tydens die Tweede Vryheidsoorlog. 170 bladsye. **R75**

**66. Boerespion-Fritz Joubert Duquesne - Geen Vergifnis vir Kitchener** deur Hans Strydom. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is hy gevang. Hy ontsnap egter en keer na Suid Afrika terug as ŉ offisier in die Britse leer. Toe hy die verwoesting aanskou wat die Britte in die Republieke aangerig het, het hy ŉ patologiese haat teenoor die Britse bevelhebber, lord Kitchener ontwikkel, en besluit om hom om die lewe te bring, waarin hy uiteindelik ook in geslaag het, volgens skrywers, in 1916 gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Gedurende die Wêreldoorloë het hy vir Duitsland in Amerika gespioneer. ŉ Amerikaanse spionasie deskundige het Duquesne se aktiwiteite tydens die Tweede Wêreldoorlog opgesom as "The old Boer was simply the best." **R70**

**67. To The Bitter End-A Photographic History of the Boer War 1899-1902** deur Emanoel Lee, 226 bls, 170 fotos, talle kaarte, hardeband met kleuromslag. In die boek word onderwerpe behandel wat nie in ander boeke oor die oorlog aangetref word nie. Deur middel die skaars en soms skokkende foto's gee hierdie boek aan die leser ŉ goeie idee hoe die gewone burger, soldaat vrou en kind die oorlog in sy verskillende fasette beleef het. **R170**

**68. Uit die Dagboek van ŉ Wildeboer** deur PS Lombard, 176 bls. Lombard was ŉ staande mag heliografis en het tydens die Tweede Vryheidsoorlog belangrikke dienste aan die Boere-generaals gelewer. Hy was ook betrokke by spionasie en allerlei spannende avonture. **R80**

**69. Op Kommando onder Kommandant Buys** Deur JG van der Heever.158 bls. In ŉ lewendige verteltrant berig die skrywer oor sy aandeel aan groot gevegte, treinontsporings en gewone kattekwaad van penkoppe. Kmdt. Buys se kommando het in Oos – Transvaal geoppereer. **R75**

**70. Veg en Vlug van Beyers en Kemp** deur J.F. Naudé, vertaal deur Hymne Weiss in opdrag van die skrywer. Naude was veldpredikant en het ook as sekretaris vir genl's Beyers en Kemp tydens die oorlog opgetree. Hierdie boek is ŉ belangrikke naslaanbron vir gebeure in Wes Transvaal tydens en direk na die oorlog. Die nuwe sagteband uitgawe beslaan 333 bls. met 60 foto's. **R150**

**71. Met die Boerekommando's** deur J.D. Kestell. Kestell was ŉ predikant wat saam met die kommandos getrek het, meestal in Genl. De Wet se Kommando. Die boek kan beskou word as ŉ eerstehandse ooggetuieverslag. 327 bls. Hardeband met glansomslag. **R130.**

**72. Die Militêre Loopbaan van Manie Maritz tot aan die einde van die Anglo-Boereoorlog** deur L.M. Fourie. 100 bls. Ses kaarte, sagteband met kleuromslag. **R60**

**73. Op Kommando met Steyn en De Wet**. Oorlogsherinneringe van FF Pienaar. 203 bls., met talle foto's, hardeband en glansomslag. Pienaar was 'n Boeretelegrafis wat direk onder Genl. de Wet geveg het. Hy beskryf ook hoe genl. Pienaar die Boere, aan die oosgrens van Transvaal, oorreed het om aan die Portugese oor te gee. Hy is ook later gevang en is as krygsgevangene na Portugal gestuur. **R120**

**74. Met Generaal de Wet op Kommando,** deur sy seun Izak de Wet. Sagteband met kleur-omslag. 'n Hoofstuk word ook gewy aan genl. De Wet se vrou se oorlogervarings. **R75**

**75. In die Vuurlinie** (Verhale van burgers onder Genl. CR de Wet) deur S. Ign. Mocke. **R75**

**76. Die Leeu van Wes-Transvaal** (Genl Koos de la Rey) deur S. Ign. Mocke, 181 bls. Soos in die geval van sy boek ***In die Vuurlinie,*** is dit 'n oogetuie verslag van burgers wat onder genl De la Rey geveg het. **R85**

**77. Lord Methuen uitoorlê deur Genl. Koos de la Rey** deur GA van der Walt. Van der Walt behandel in hierdie boekie die veldslae van Tweebos en Ysterspruit in Maart 1902 waaraan hy self deelgeneem het. **R30**

**78. Wichmann se Oorlogsavonture** vertel deur HF Wichmann, 72 bls. Een kaart geteken deur die skrywer. Wichmann is in 1872 in Hannover, Duitsland gebore. As twaalf jarige seun het hy saam met sy ouers eers na Natal verhuis en toe na Die Nuwe Republiek wat later by die ZAR ingelyf is. Wichmann was lid van Wyk 2 Kommando Piet Retief wat veral in Suid Transvaal die stryd gevoer het. Wichmann neem deel aan die historiese tweede inval in Natal onder Kommandant Generaal Louis Botha. Wichmann het dagboek gehou waarop hierdie boek gebaseer is. Hy beskryf talle spannende sowel as humoristiese gebeurtenisse. **R50**

**79. Eighteen Months Under General de la Rey** by Max Weber. Sagteband, kleuromslag. Weber was 'n Switserse geoloog wat dagboek gehou het van sy oorlogsavonture. Inligting oor belangrikke gebeurtenisse wat in geen ander lektuur vermeld word nie, word hier in besonderhede weergegee. Weber het die vermoë om die humor in ernstige gebeure raak te sien en dit aan die leser oor te dra. **R120**

**80. Hoe Ek Ontsnap Het,** deur J L de Villiers - Die merkwaardige ontsnapping van 'n Boer, vermom as 'n Indier, uit Engels-Indië. **R50**.

**81. My Lewe en Strewe** deur Genl. Manie Maritz. 'n Groot deel van die boek bevat Maritz se ondervindinge as polisieman as lid van die ZARP's, sy deelname aan die gevegte in Natal, sy latere bevordering tot veggeneraal in die Kaapkolonie ens. Maritz wy ook uit oor sy politieke-filosofiese siening. Sagteband met kleuromslag. **R120**

**82. Met Ryperd en Mauser,** deur Bittereinder JP Botha van die Rustenburgse kommando. [JP Botha was die vader van die skrywer JP Botha asook die oupa van Pik Botha.] Speel hoofsaaklik in Wes Transvaal af. Sagteband, 108 bls. **R75**.

**83. Joop gaan op Kommando** deur M. Jos Venter. As jong seun het Venter geweier om by die huis te sit as sy land deur die vyand bedreig word. 'n Deel van sy oorlogsloopbaan bring hy onder genl. De la Rey deur. Hy word later gevang en na Bermuda gestuur waar baie humoristiese kattekwaadstreke plaasvind waaronder die uittarting van die kampowerhede. Hy berig ook oor sy vriendskap met Frederick Joubert Duquesne, wat later wêreldberoemdheid verwerf het as meesterspion. **R80**

**84. Die Hensoppers en Joiners** deur prof. Albert Grundlingh, 496 bls., hardeband met glansomslag. [’n Engelse vertaling van hierdie is ook beskikbaar] Die boek handel oor die Boere wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog na die vyand oorgestap het om teen hul eie mense te veg. Grundlingh skryf: “Die oorlogstydse metamorfose van ’n Republikeinse burger tot ’n verraaier in Britse uniform het nie oornag plaasgevind nie. Dit was in die reël ’n langsame proses wat oor etlike maande gestrek het.” **R200 [Op aanvraag ook in Engels beskikbaar]**

**85. Waar en Trou** saamgestel en geskryf deur P.H.S. van Zyl, 16 afsonderlike verhale uit die Tweede Vryheidsoorlog, 118 bls. Sagteband met kleuromslag. **R60**

**86. Kordaatstukke van Boereverkenners tydens die Tweede Vryheidsoorlog**. 124 bls. Sagteband met kleuromslag. **R60**

**87. Ons Weerstand sal die Wêreld Verstom** saamgestel deur L.W. Bienedell, 230 bls., 650 aanhalings verdeel in 20 onderwerpe wat handel oor die Tweede Vryheidsoorlog. Oor dié boek het Die Burger berig:*“Deurgaans word in hierdie boek van aanhalings uit die werke van volksleiers, Boeregeneraals, Britse offisiere, dagboeke van stryders, historici, skrywers en ander gebruik gemaak om inhoud aan die hoofstukke te gee. Deur die werk sorgvuldig te bestudeer, skakel dit die nodigheid uit om ‘n duisternis ander boeke oor die Anglo-Boereoorlog te gaan oplees om tot die kern van die saak deur te dring.”* **R140**

**88. My Reminiscences of The Anglo-Boer War** by General Ben Viljoen, 332 pages, copy of 1903 edition. Hardeband in kunsleer gebind. Ben Viljoen se deelname aan die oorlog het gepaard gegaan met baie avontuur en uitoorlê planne. Deur hierdie ooggetuie verslag kry die leser ’n goeie idée van hoe die oorlog regtig was. Word meegevoer in die Boere se oorwinnings, lees hoe hulle nederlae verwerk, talle ander avonture word dikwels humoristies aangebied. **R170**

**89. Three Years War** by General Christiaan de Wet. 30 pictures and photos. Softcover in colour. **R230**

**90. Kommando - ’n Boere-Joernaal uit die Engelse Oorlog [nou in Afrikaans]** deur Deneys Reitz, met ’n voorwoord deur genl. Jan Smuts, 232 bls., slapband. Reitz, die seun van die oudpresident van die Oranje Vrystaat het die oorlog [1899-1902] as sewentienjarige seun binnegegaan. Sederd die boek die eerste keer in 1929 verskyn het, het dit die afgelope 80 jaar ’n blitsverkoper gebly. **R160**

**91. Piet Potlood** deur Oswald Pirow, 118 bls., Sagteband. Die Kordaatstukke van ’n penkopbaasspion uit die Tweede Vryheidsoorlog. Die Verhaal speel in Potchefstroom en omgewing af. **R75**

**92. So Het Hulle Gesterf** deur G Jordaan. Hierdie boek handel oor veral die Kaapse Afrikaners wat deur die Britse militere owerheid tot dood veroordeel en tereggestel is. Genl. Wynand Malan het verklaar: “Hierdie Britse Militere howe het in die naam van God en die koningin die een moord na die ander gepleeg.” **R50**

**93. Ek Rebelleer** deur JA Smith. 183 bls. 1 kaart. Smith het as jong skoolseun besluit om teen die Britse owerheid te rebelleer. Een nag ontsnap hy uit die beleerde Abderdeen [In die Britse Kaapkolonie] onder geweervuur. Eers sluit hy by komd. Gideon Scheepers se kommando aan en later veg hy onder genl. Wynand Malan. Smith as n begaafde skrywer neem die leser emosioneel saam op kommando om die wel en wee van die stryders mee te maak. **R120**

## 7. Pro Boer geskrifte uit Die Tweede Vryheidsoorlog

**94. Struggle of the Dutch Republics / Light on Dark South Africa / The War and One Year After** [ Drie boeke in een gebind] Eersgenoemde twee pro-Boer publikasies in Engels het onderskeidelik in Holland en Brittanje verskyn gedurende Die Tweede Vryheidsoorlog. Die doel was om die regverdige saak van die Boere en die wederregtelike optrede van Brittanje, soos die skrywers dit sien, onder die Europese en Britse publiek se aandag te bring. Die derde deel het ’n jaar na die oorlog verskyn en is geskryf deur Kaptein FP Fletcher-Vane. In hierdie boek deur ’n kaptein van die Lancaster Regiment maak hy Britse oorlogsmisdade bekend en toon hy watter foute die Britte gemaak het. **R70**

**95. Wat ek in Suid-Afrika Gesien het - 1902** deur Ramsay MacDonald, ‘n latere Britse Eerste Minister. Na Die Tweede Vryheidsoorlog het die skrywer in die voormalige republieke rondgereis en berig oor die verwoesting, armoede en ellende veroorsaak deur die Britte, maar kom tot die gevolgtrekking dat die Boere weer sal opstaan. **R80**

**96. ‘n Eeu van Onreg** deur genl. Jan Smuts. In hierdie boek behandel Jan Smuts die politieke en militere misdade deur die Britte teen die Boere en Afrikaners gepleeg 1806 tot 1899**. R60**

**97. A Century of Wrong** by genl. Jan Smuts [English translation of “ ’n Eeu van Onreg”.] Hjalmar Reitz wrote about this book: “During the Anglo Boer War the Government of the South African Republic published a book entitled ‘a Century of Wrong’. It was published under the name of my father, [FW Reitz] as State Secretary, but was in fact written by General Smuts, and very well written too. In this book the many enormities of the British Government against the two Republics are very fully and clearly set out” **R80**

**98. Wie is die Skuldiges** deur Harm Oost. Die boek handel oor Oost se oorlogsavonture tydens die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebellie van 1914-1915. Oost was ook verkose volksraadslid van genl. Hertzog se Nasionale Party wat die 1924 verkiesing gewen het en berig met eerstehandse inligting oor belangrikke politieke gebeurtenisse. Nuwe sagteband uitgawe **R140**

**99. Peace or War in South Africa.** deur AMS Methuen, 204 bls. Oorspronklik aan die begin van 1902 gepubliseer. Methuen skryf o.m. “From whatever standpoint we regard this war, it was a blunder and a crime. Its drain of life and treasure, its loss of military prestige, the enormous increase in our debt and in our taxation, the depletion of our army…The memory of two countries swept with fire, of freedom taken from two free nations, of 20 000 women and children slain by our neglect and folly -- these memories must tie our tongues and bind our hands.” **R100**

## 8. Kinderlektuur

**100. Terrie, Die Rooibont Hond** deur Rhina Wiid, lees en inkleurboek. Groot skrif. **R20**
**101. Gawie Gans** deur Rhina Wiid. lees en inkleurboek Groot skrif. **R15**
**102. Martin en Martie Stokstertmeerkat**, lees en inkleurboek Groot skrif. **R15**
**Vettie Vark,** deur Rhina Wiid, lees en inkleurboek Groot skrif. **R15**
**Mollie die perd,** deur Rhina Wiid, lees en inkleurboek Groot skrif. **R15**

**103. Die Groot Afrikaanse Heldeboek** deur prof PW Grobbelaar, 224 bls., hardeband, kleur glansomslag met talle sketse in die boek. Ideale leesstof vir 10 tot 15 jarige tieners. **R160**

**104. Kinder Helde**. Die boek het oorspronklik in die veertigerjare verskyn en is geskryf deur G.H.P. De Bruin, Eben Bruwer en dr. J.J.G. Grobbelaar, 9 hfs, 51 bls., sagteband. Ideaal vir 9 tot 11 jarige kinders. **R30**

**105. Child Heroes** by Bernhard Lewis and illustrations by Joyce Orderbrown This is more or less the same book as **"Kinders van Suid Afrika",** book number 88,. **R55**

**106. Kinders van Suid-Afrika** deur CR Swart [staatspresident] 86 bls. - heldedade verrig deur kinders in die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1652 - 1902. O.a. Japie Greyling, Rachel de Beer, Voortrekkerkinders ens. **R60**

**107. Verhale uit ons Geskiedenis vir die Kleintjies** deur GW Pilkington. 64 bls. Talle sketse. Die boek is 'n goeie voorlees boek of leesboek vir kinders. Die boek verskaf 'n voëlvlugoorsig van die SA geskiedenis in storievorm in kindertaal, beginnende by die ontdekking van die Kaap tot by die ontdekking van goud en diamante. **R55**

**108. Lekker Speel** – Saamgestel deur ds. M Kruger, 60 bls. Ds. Kruger skryf: "Die doel van hierdie werkie is om voorligting te gee, hoe om te speel om die grootste genot uit die spele te verkry en om ook sommer 'n hele aantal nuwe speletjies vir julle te bring." **R20**

**109**. **Langs die Toelanie** – deur JP Botha. Botha slaag uitstekend daarin om die dierelewe langs die Toelanierivier te verpersoonlik soos in die Hobson tradisie**. R60**.

**110. Ou Hendrik se Stories** – oorvertel deur JP Botha. Die boek bevat dierestories met die hoofkarakters Wolf en Jakkals. **R70**

**111. Die Trekker se ABC**, met rympies deur AE Carinus en tekeninge deur M Meiring. **R20**

## 9. Boeke oor die Gebeurtenisse voor die Groot Trek en die Groot Trek self

**112. Op Trek – Die Daaglikse Lewe tydens die Groot Trek** - deur J. Celestine Pretorius, 21 X 30 cm. Hardeband met glansomslag, 260 bls. Ongeveer 600 s/w en kleurprente. Die uitgangspunt van hierdie boek is nie geskiedkundige gebeurtenisse nie maar die uitbeelding van die daaglikse handel en wandel van die Trekkers tydens die trek. Geskiedkundige gebeurtenisse word slegs vermeld wanneer dit lig op die lewensomstandighede werp. Die daaglikse lewe op die Trek word weergegee soos van die Trekkers dit in hulle dagboeke en herinneringskrifte opgeteken of vertel het.
Die inhoud van die boek is in die volgende temas verdeel: 1. Die Groot Trek en sy Mense. 2. Die Waens word Gelaai. 3. Op Trek met die Ossewa. 4. Kos op die Trekpad. 5. Mofvel en Sis [Kleding] . 6. Vaardige Hande. 7. n Jagtersbestaan. 8. Selfbehoud. 9 Siekte en Dood. 10. In Gods Hand. 11. Die Kinders Moes Leer. 12. Genoeglike Geleenthede. 13. n Blyplek in die Veld. 'n Voordeel van die boek is dat dit nie nodig is om die boek van voor na agter deur te lees nie. Die leser kan na die tema van belangsteeling blaai en dit lees. Selfs kinders wat nog nie kan lees nie, put ure se genot om slegs die pragtige prente te bestudeer, waarvan baie aksiebelaai is. **Prys R250 plus R30 posgeld is R280**

**113. Ruiters van Slagtersnek** deur Albert Coetzee. 195 bls. Die boek handel oor die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795 en die stigting van die eerste Boererepublieke in daardie jaar. Die Britse onderdrukking van die Afrikaners van daardie tyd loop uit op die Slagtersrnek rebellie in 1816 wat indirek tot die Groot Trek gelei het**.R80**

**114. Bloed Sweet en Trane - Die verhaal van die Voortrekkers** deur EJG Norval, 480 bls. Hierdie boek is ’n aksiebelaaide dokumentere saga wat o.m. handel oor die uittog uit die Kaap toe sowat 15000 mense die wildernis bo Britse onderdrukking verkies het. Die werk is ’n samevatting van 75 argivale boeke wat nie meer vir die algemene publiek toeganklik is nie. Die boek word toegelig met 21 kaarte oor die verskeie trekroetes en skematiese voorstellings van die gevegsterreine, asook 113 foto afdrukke van Trekkers. Die Voortrekkers het ’n gallery van helde nagelaat wat as inspirasie kan dien vir die volkspad vorentoe. **R160**

**115. Die Epos van Trichardt en Van Rensburg** deur Manfred Nathan, 92 bls. Trichardt en Van Rensburg was die heel voorste trekkers van die Voortrekkers. Hulle het deurgange deur berge gesoek, berge met gapende afgronde waar geen blanke ooit tevore was nie. Hulle het kennis gemaak met dryfsand, groot riviere met gevaarlike krokodille en seekoeie, leeus en ander ongediertes. Die hele Van Rensburg Trek is uitgewis deur wilde swartes. **R60**

**116. Na Bloedrivier en Paardekraal** deur JA Smith. Die boek het in 1918 vir die eerste keer verskyn en is 2002 deur Dr JP Botha in moderne Afrikaans vertaal. In die boek skryf Smith oor die Groot Trek, Bloedrivier, die stigting van die Republieke en die anneksasies van die verskillende Republieke deur die Britte. Die Boere se verset het gelei tot die gelofte by Paardekraal en die daaropvolgende oorlog en die oorwinning by Majuba. As bylae [39 bls] is toegevoeg **“Waar Paaredkraal se Vinger wys”** soos uitgegee in 1938 deur “Die Paardekraal-Dingaansfeeskomitee **R65**

**117. Boerseuns** deur Nic Strydom 116, bls.Boerseuns is ’n geromantiseerde verhaal wat begin met Andries Pretoruis se tweede aankoms in Natal tot die finale afrekening met Dingaan. In die boek speel Hans Dons de Lange die hoofrol. **R55**

**118. Op die Oosgrens 1806-1814,** 114 bls., 1 kaart, deur PL Zietzman (1940). In die voorwoord skryf Zietsman dat baie weinig oor hierdie tydperk in ons geskiedenis te boek gestel is, dus het hy veral van argivale bronne gebruik gemaak. Die boek behandel onder meer die voortdurende strooptogte oor die Oosgrens en die rol van die Engelse, die Boere, die swartes, Hottentotte en Boesmans. Alhoewel die boek op feite berus lees dit soos ‘n spanningsverhaal. **R60**

**119. Gebeurtenisse uit die Grensoorloë van 1834, 1835, 1846, 1850 tot 1853.** 109 bls., deur PPJ Coetser Sr. Die boek is oorspronklik in 1889 in die Paarl uitgegee en is in 2002 deur dr JP Botha in Afrikaans vertaal. Die boek bevat talle spannende ware avontuurverhale. **R60**
**[Vorige titel: Gebeurtenisse uit die Kafferoorloë van 1834…..]**

**120. Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter** deur dr Karel Potgieter en NH Theunissen, 215 bls. In hierdie boek kom Potgieter se talente as militêre aanvoerder en strateeg, as diplomaat, en as staatkundige leier onweerlegbaar na vore. Potgieter was ’n man met visie en n toekomsblik. **R120**

**121. Voortrekker-pioniers in Oos-Transvaal** deur dr JP Botha. Dr Botha het die rol van die Voortrekkers in Oos-Transvaal deeglik nagevors en die belangrikke rol wat Hendrik Potgieter daarin gespeel het te boek gestel. **R70**

**122. Lotgevalle van die Voortrekkers in Natal 1838-1843** geskryf deur Eric Stockenström in 1925. Sagteband, 50 bls. Hierdie boekie bevat inligting wat nie in ander bekende boeke oor die Voortrekkers voorkom nie. **R30**

**123. Die Voortrekkers** deur J.D. Kestell. Kestell het baie Voortrekkers persoonlik geken en die boek is ’n gedeeltelike ooggetuieverslag. Sagteband met kleuromslag. **R65**

**124. Sarel Cilliers - die vader van Dingaansdag** - deur GBA Gerdener, oorspronklik in 1920 verskyn, 134 bls. Sagteband met kleuromslag. **R80**

**125. Die Groot Trek** deur Louis Leipoldt. Sagteband met kleuromslag. **R55**

**126. Die Groot Trek in Beeld** deur LJ Van Zyl en JH Rabe. 134 bls A4 grote met 528 genommerde prente, hardeband. Hierdie boek is ’n heruitgawe van 1941 druk en gee die Groot Trek in Strokiesverhaal vorm weer. **R150**

**127. Die slag van Bloedrivier. Die Verhaal van die Stryd van die Boere in Natal en Vrystaat en die Vernietiging van Dingaan** deur Darbez, die Afrikaanse verwerking deur Dr SPE Boshoff. Oorspronlike uitgawe 1936. 164 bls. Hierdie uitgawe 2010. **R120**

## 10. Kronieke oor vergange dae – Jagverhale -Streeksgeskiedenis

**128 African Nights** deur Rooinek [Capt. Louis Patrick Bowler] 351 bls. 42 hoofstukke. [Vorige uitgawe 1928, hierdie heruitgawe 2009] Bowler het in 1876 as jong seun in Kaapstad aan wal gegaan. Hy het vir vyf dekades dwars en kruis oor Suid Afrika en ook in ander dele van Afrika gereis en gewerk. Die boek beslaan 42 hoofstukke, elke hoofstuk bevat n afsonderlike avontuurverhaal, meestal deur Bowler self beleef. In die boek word n wye reeks temas gedek wat eie was aan die Ou Afrika wat Bowler leer ken het: slawehandel, kannibalisme, toordery en toordokters, dryfsand en lugspieelings, gevaarlike avonture met wilde diere ens. **Prys R160.**

**129. “Neem Uit Die Verlede – Die Geskiedenis van die Laeveld en Ontstaan van die Krugerwildtuin”**. Redakteur Dr. U de V. Pienaar en 13 medewerkers ondermeer prof. JF Eloff en Dr WHJ Punt. 765 bls. Hardeband met flapomslag, ongeveer 800 kleur en swart en wit fotos plus skets - afdrukke uit ou boeke. 20 kaarte in die boek gedruk plus 5 los groot oopvoukaarte agter in dir boek. a. Kaart van Ou Transport en Wapaaie van die Suidelike laeveld en die platorand 1844-1902. b. Kaart van Krugerwildtuin met 256 aanduidings van histories terreine c. Roetes van Ontdekkingsreisegers d. Ou Handelspaaie. Ou Handelsvoetpaaie vanaf die Ooskus. Die boek is gehul in n deftige kartonhouer. Met die deurblaai van die boek kom die leser fotos tee van bekende mense van wie hy al in ander boeke gelees het, maar nog nooit n prent van gesien het nie. **R550 posgeld ingesluit**.

**130. Die Afrikaanse Woning**, 127 bls. hardeband met glansomslag. Herdrukke uit “Die Boerevrou” tydskrif. [1919-1931] Die boek behandel nie net die verskillende tipe Boerehuise wat ons voorouers in vorige eeue gebou het nie, maar ook die binnevertrekke en die binne-afwerking van die huise. N Derde afdeling behandel die onderskeie soorte en gebruike van meubels. **R130**

**131. Pelgrimsrus** [Afrikaans] deur Wilna Rautenbach, A4, slapbandboek, 50 bls met kleuromslag, 20 volbladsketse in kleur van besienswaardighede, twee gebiedskaarte in antieke styl. Pelgrimsrus in Oos Transvaal is vandag ’n museumdorp. Dit is een van die baie min museumdorpe in Suid Afrika. In hierdie boek kom 19 kleursketse voor van die belangrikste historiese geboue in die dorp. **Prys R50**

**132. Pelgrimsrest** – Engels uitgawe. **Prys R60**

**133. Ou Marico-Poskoetse. Runderpes. Jagters. Transportry** deur CF Gronum, 254 bls. Sagteband. Uit die vertellinge van CE Gronum kry die leser ’n seldsame en insiggewende blik op die leefwyse van die negentiende-eeuse Boere in die Maricodistrik. Hierdie boek is ’n kultuurhistoriese skat uit die tyd voor motors. Dit bevat ook boeiende inligting oor die algemene gebruike en gewoontes in die Maricostreek. **R200**

**134. Herinneringe van Suidwes-Voortrekkers** deur PG Visser [eerste uitgawe 1940, hierdie heruitgawe 2008] 20 fotos, 2 kaarte. Talle persoonlike vertellinge van die Suidwes-Voortrekkers is deur die outeur in die boek opgeneem. Die verhale wissel van humoristies, tragies, bloedstollend, [ongelooflike wreedhede] Die hartroerende verhale getuig van dapperheid, deursettingsvermoe en avontuurlus. **R80**

**135. ’n Boer in Argentinie** deur PH Henning, 216 bls. Talle fotos [vorige uitgawe 1940] PH Henning het na die Tweede Vryheidsoorlog saam met sy ouers na Argentinie verhuis. In die dertigerjare het hy as volwasse persoon permanent na Suid Afrika teruggekeer. Henning berig oor die algemene wetteloosheid wat In Argentinie aan die orde van die dag was en dat eerlike burgers dikwels wet in eie hande moes neem om te oorleef teen perdeiewe, veediewe, rowers ens. Hy berig hoe Afrikaners hulself onder moeilike omstandighede opgewerk het. Hy berig oor avonture met wilde diere, hoe skaapboerdery in Argentinie bedryf word in vergelyking met skaapboerdery in die Karoo ens. **R100**

**136. Outydse Sketse en Stories – Uit die ou Reisegers se verhale** soos oorvertel GW Eybers. In die voorlaaste eeu en voor dit was dit ’n profesionele beroep om ’n reis van ’n paar jaar te onderneem en om dan ’n reisverhaal te skryf en ’n stewige inkomste uit die boek te verdien. In Suid Afrika was daar verskeie sulke reisegers soos o.m. Thunberg, [1743-1828] Sparrman, [1747-1820] Le Vaillant,[1753-1824] Lichtenstein. [1780-1857] Hierdie en ander reisegers vertel in hierdie boek hoe die bevolking [ blank en nieblank ] geleef het, hoe hulle gejag, geplant, getrek en die natuurelemente probeer te bowe kom het. Beskrywings word gegee van berge, riviere en ander natuurverskynsels. **R85**

**137. Die Korannafonteiners - Stories oor Ottosdal en sy mense** deur Pieter de Jager. Die skrywer neem die leser terug ver in die verlede, na tye voor die Groot Trek, na tye toe jag ’n algemene proffesionele beroep was, na tye van pos en transportkoetse en ossewaens, struikrowers, veediewe, skatgrawers, jodesmouse en spoke van weleer. Die wel en wee van baie ryk inwoners en ook mense wat baie arm was. Die boek vertel van oorlogshelde van die Vryheidsoorloe en ander oorloe tussenin. Tye toe wette nie streng toegepas kon word nie en burgers op hulleself aangewese was. Kortom, dit is ’n fantastiese boek. Dit is nie ’n boek wat van vooraf deurgelees hoef te word nie. Die leser kan enige plek oopslaan en lees en word onmiddelik geboei. **R250 plus R20 posgeld is R270**

**138 . Ons Volkslewe van Toeka,** deur B Spoelstra met ‘n voorwoord van G S Preller, 182 bls (Vorige titel: Ons Volkslewe, het in 1924 verskyn) Die boek beslaan 27 hoofstukke waarin o.m. die volgende behandel word: Hoe die ou Boere hulle plase gekry het en hoe die plase afgebaken is, hoe die kind geleer het, die vierperde wa, die hartbeeshuisie, soutmakery, waterkerse, seepkook, velklere, die medisyne trommel, die ou boere ploeg ens. **R90**

**139. Jagkonings, Die Jagavonture van die Dorslandtrekkers** deur J Von Moltke, 392 bls. hardeband met glansomslag. In die dertigerjare van die vorige eeu het Von Moltke in Suidwes en Angola rondgereis en ou grootwildjagters besoek. Deur middel van ’n assistend wat snelskrif kon doen het hy die grootwildjagters se weergalose jagavonture op skrif gestel. Die jagavonture strek van ongeveer 1830 tot 1910. **R200**

**140 Veldsmanne** deur J Von Moltke [opvolg van die boek Jagkonings] Die boek vertel van die groot Afrikanerjagters wat met voorlaaiergewere en swartkruit agterlaaiergewere olifante buffels en leeus aangedurf het en tussendeur oorlog gemaak het en ook op strafekspedisies gegaan het teen struikrowers en soms moes vlug vir die Duitse leër in Duitswes Afrika weens hul onwettige jag in die gebied. **R200**

**141. Langs die Lebombo** deur GR von Wielligh. Die boek bevat ware jag en avontuur verhale en speel in Oos Transvaal en Swaziland af tydens die voorlaaste eeu. Die boek is feitlik ’n outobiografie van von Wielligh se jong lewe. **R80**

**142. Kronieke van Noordelike Transvaal – Die Herinneringe van Senator GG Munnik**. Munnik was tydens die ZAR bewind landros in Pietersburg en Smitsdorp en was ’n huisvriend van Pres Paul Kruger**. [Smitsdorp bestaan nie meer nie] R70**

**143. Maochseland en sy Mense** deur Grietjie Grove, 280 bls. 31 fotos. Mapochseland is gelee in die omgewing van Roossenekal en Laersdrif, 80 km Noordoos van Middelburg, Transvaal. Die boek behandel ongeveer 2 eeue se streeksgeskiedenis van die omgewing. Sake wat behandel word is ondermeer die Mapochsoorlog, burgerlike administrasie, die resident vrederegter, veldkornetskappe, verdediging, die bou van paaie, waterprobleme, die skole, die kerke, die posdiens, ekonomiese aktiwiteite, die koms van die eerste motors, volksfeeste, politiek, mampoerstokery en baie meer. **R120**

**144. Kalahari Toe** deur WD Kotze 270 bls. 12 fotos, 1 roetekaart, glanskleuromslag. Hierdie boek is n historiese memoire wat vir die eerste keer die geskiedenis beskryf van hoe die NOSSOBIVIER en die gebied in die Kalahari vanaf PRETORIUS [nou LEONARDVILLE] tot ongeveer 30 myl onderkant ARAHOAB [nou ARANOS] en later tot teen die grens van Betsjoeanaland deur blanke boere vir bewoning oopgestel is. Hul pynlike armoede en ontberinge, maar ook hul deursettingsvermoe word met n vaardige pen beskryf. Die Swartmoddermoorde word ondermeer deur n oorlewende in haar eie woorde beskryf. **R180**

**145. Morewind Oor Die Karasberge – ’n Kultuurhistoriese verkenning van die Karasberge van die laat negentiende eeu,** deur ELP Stals.477 bls. 100 en sketse en fotos uit die voorlaastye eeu en een kaart. Hardeband **R250**

## 11. DORSLANDTREKBOEKE

**146. Die Swerwers** – Sketse uit die Dorslandtrek deur J Albert Coetzee, 109 bls. **R60**

**147. Dorsland Avontuur** deur J Albert Coetzee. Die skrywer het as onderwyser tussen die Dorslandtrekkers gedien en hulle persoonlik baie goed leer ken. Die boek dek die hele tydperk van die Dorslandtrek tot en met 1928 toe hulle deur die destydse Unieregerig na Suidwes Afrika teruggebring is. 180 bls, 10 prente **R120.**

**148. Afrikaners in Angola 1928-1975** deur Nicol Stassen. Hardeband,formaat 152X222mm, 762 bls., insluitende die bladsye met 88 baie skaars en besondere fotos, baie van jagtonele. Die boek handel hoofsaaklik oor die Afrikaners en hul nakomelinge van die Dorslandtrek wat in 1928 in Suidwes Afrika hervestig is. N Ander groep Afrikaners is in 1958 deur die Portugese gerepatrieer. Met die uitbreek van die burgeroorlog in Angola het die laaste groep Afrikaners die land as vlugtelinge verlaat. **R330**

**149. In die Woeste Weste –** Die Lydingsgeskiedenis van die Dorslandtrekkers deur JG Prinsloo en JG Gauché (Geskryf 1932, heruitgawe 2002). **R60**

## 12. Dr. EJG Norval Boeke oor gesondheidsgevare

**150. Heksebrousel Wat Ons Eet en Drink** deur EJG Norval. 368 bls. Sagteband . Norval behandel die gevare wat die verskillende geurmiddels, kleurmiddels, preserveermiddels en ander middels wat ons voedsel en koeldranke geplaas word vir ons liggaam en siel inhou. Die antwoorde wat verskaf word, dui aan in watter skrikwekkende mate ons as verbruikers daagliks stadig afgetakel word deur ŉ heksebrousel, wat spesiaal ontwerp is deur wetenskaplikes in betaling van globaliste, om die mens geestelik en fisies te vernietig. **R150**

**151. Die Ontstaan en verspreiding van die Moordvirus** deur EJG Norval, 258 bls. Slapband met kleuromslag. Wat in hierdie boek verskyn is skrik-aanjaënd. Daar word gekyk na die statistieke van VIGS, oordragingsroetes en feite wat van die algemene publiek weerhou word. Die ontstaan van MIV word bespreek aan die hand van huidige teorië wat deur die mediese "establishment" en die media as die waar-heid voorgehou word. ŉ Groot vraagteken word oor die huidige teorie geplaas as dit deur sommige wetenskaplikes onder die vergrootglas geplaas word. Die boek dokumenteer ook die bevindings van begaafde andersdenkende wetenskaplikes wat daarop dui dat die verskyning van MIV nie aan die toeval te danke is nie, maar dat MIV in die 1970's tydens ŉ geheime biologiese wapenprogram in Amerika ontwikkel was. Lees waarom die virus sommige mense nooit kan infekteer nie. MIV is ŉ gesofistikeerde Frankenstein monster, gebore in laborotoria en geprogrammeer om die bevolkingsyfer van die wêreld in lyn te bring met die aarde se kwynende hulpbronne. **R120**

**152. Slagoffers op die Altaar**- deur EJG Norval, 382 bls. Sagteband. Hierdie is die derde boek van 'n reeks wat die geheime agenda van massa-uitwissing van die mens ondersoek. Ons kyk na tegnologieë en metodes wat ingespan word om biljoene mense verder af te takel. Omstandigheidsgetuienis word opgeroep wat daarop dui dat die stralingsindustrie (selfone, kompers, kragstasies), nuwe skrikwekkende oorlogswapens van massa-vernietiging, plaagdoderes, giftige afval en sekere farmaseutiese middels geen klein rol speel in die verval van openbare gesondheid nie en dat hierdie items elk 'n rol speel in die beplande massa-uitwissing van biljoene mense. Daar word verduidelik waarom aborsies gewettig word, hoe oorloë aangevuur word deur sekere magte om maksimum sterftes, siektes, vlugteling- en gesondheidskrisisse te skep. En hoe mense soos proefkonyne betrek word. In hierdie boek word gelet op die gevare van inenting, die chemtrail-verskynsel [waar nadelige stowwe in die atmosfeer gespuit word om klimaat te verander] en die talle onetiese eksperimente wat die Amerikaanse en Britse Militere establishment op miljoene niksvermoedende mense in die geheim uitgevoer het, chemiese en biologiese wapens van massa vernietiging asook nuwe middel-bestande siektes wat die laaste dekade of twee op veral arm lande losgelaat word as deel van biologiese wapenprogram om die groot getal mense op aarde uit te dun. **R160**

**153. Massamoord - Biljoene moet Sterf-** deur EJG Norval, 382 bls. Sagteband. In hierdie boek word gelet op die gevare van inenting, die chemtrail-verskynsel [waar nadelige stowwe in die atmosfeer gespuit word om klimaat te verander] en die talle onetiese eksperimente wat die Amerikaanse en Britse Militere establishment op miljoene niksvermoedende mense in die geheim uitgevoer het, chemiese en biologiese wapens van massa vernietiging asook nuwe middel-bestande siektes wat die laaste dekade of twee op

veral arm lande losgelaat word as deel van biologiese wapenprogram om die groot getal mense op aarde uit te dun tot ŉ volhoubare getal. **R160**

## 13. Humor

**154. Die Hof Verdaag** deur Kees van Dijkhorst met tekeninge deur Marinus Wiechers, 149 bls. slapband. [Boek geteken deur die skrywer] Hierdie boek is soos ‘n warrelwind wat ‘n kostelike vrag van humorvolle annekdotes van hofsake en hofverrigtinge, lagwekkende grepies uit die verlede asook uit ander lande se regspraktyke, onmoontlike uitsprake en die allersnaakste grapstories vir die leser bring. Die boek bewys dat die regbank en die regswêreld ook propvol menslike drama, intrigue, soms ook groot domheid en baie kere ook vol patos is. Kees van Dijkhorst is een van SA se mees gerekende regsgeleerdes. **R150**

**155. Die Komiek in die Politiek – The Comics of Politics**, 150 bls. saamgestel deur Herman Vorster. Hy het komiese staaltjies versamel wat op politieke vergaderings, gedurende werwingswerk, en in die parlement plaasgevind het. Die verhale strek tot 1980. **R75**

**156. O’ Bring my Trug na die Ou Transvaal** deur DF du Toit 205 bls. Die vertellings in hierdie boek praat op baie vlakke: Eerstens met ŉ robuuste, volkeellag. Tog is dit deernisvolle humor uit die plaaswerwe en jagvelde van ŉ tyd wat was. Die karakters is meer as lewensgroot – ŉ mens wil amper se manne van naam, reuse wat hulle dink gedink en hul doen gedoen het. Die doenighede loop breed en vol verskeidenheid, ŉ spieel van ŉ vergange leefwyse wat van die skryfsels n kultuurhistoriese dokument maak**. R80**

**157. Poetoepap en Potpourri - Kampvuurverhale uit Pietersburg en omgewing** deur Sebastiaan Basson. 100 bls. **R70**

## 14. Natuurleweboeke deur Jan Roderigues, PJ Schoeman en WA de Klerk

**158. Die Veldwagters Vertel.** 192 bls, sagteband met kleuromslag, 30 fotos. In hierdie boek vertel n uitgelese groep veldwagters op n boeiende en onderhoudende wyse oor hul avonture en lotgevalle in die Krugerwildtuin en die Kalaharigemsbokpark. **R100**

**159. The Game Rangers.** 240 pages, coloursoftcover, 30 photos. A selected group of Game Rangers of the Kruger National Park and the Kalahari gemsbok Park relate in an exceptionally gripping manner their adventures with wild game. **R120**

**160. Die Veldwagters Vertel Verder.** 208 bls. Sagteband met kleuromslag, 30 fotos. ŉ Bundel spannende ware verhale uit die Afrika-bos. Die Veldwagters Vertel Verder bring die hoespoedaksie wat so eie is aan die intimiderende Afrika-bos tot in die leser se hande. **R120**

**161. The Silent Heroes of the African Bush.** 192 pages, coloursoftcover, 30 photos. This is a thrilling, nailbiting and sometimes humorous look at man’s attempts to survive the dangers of the animal kingdom, where one false move can lead to disaster or worse. **R100**

**162. ’n Skatkis vol Lagstories.** 64 bls. sagteband, 20 sketse. Amptenare uit die Nasionale Parke vertel. Om te lag en te laat lag, bly maar ŉ integrale deel van die mens. Hierdie pragtige bundel verhaaltjies vertel van situasies en penaries waarin mense beland met ŉ humoristiese nadraai. **R60**

**163. A Barrel of Laughs.** 64 pages, softcover, 30 drawings. To laugh and to let other people laugh is part of life. Life without humour renders life impossible. This booklet contains a collection of true humoristic stories from the African bush as told by officials. **R60**

**164. Afrika-stories wat die hare laat rys.** 185 bls. sagteband in kleur, 30 fotos en sketse. Hierdie bundel ware en unieke spannings verhale uit die bos is ŉ voortsetting van die tradisie wat deur die boek se baie bekende voorgangers geskep is met die opwindende gebeure in die Afrikabos. **R100**

**165. Africa – the legends live on.** 192 pages, coloursoftcover, 30 photos. Africa and its amazing wild life is a permanenent source of gripping, authentic stories that forever stay put in the memories of the readers. **R100**

## 15. PJ Schoeman boeke

**166. Fanie Word Grootwildjagter** 202 bls. **R120**
**167. Fanie se Vuurdoop** 174 bls. **R120**
**168. Fanie se Veldskooldae** 223 bls. **R120**
**169. Van Jagter tot Wildliefhebber** 192 bls. **R120**
**170. Op die Groot Spore** 145 bls. **R120**
**171. Uit die Dagboek van n Wildbewaarder** 210 bls. **R120**
**172. Waar ver Winde Waai** 252 bls. **R120**
**173. Drie Jong Jagters** 175 bls. **R120**
**174. Die Swerwer Jagter** 158 bls. **R120**
**175. Jagters van die Woestynland**, 182 bls **R120**

## 16. WA de Klerk boeke

**176. Drie Swerwers oor die Einde**rs, 254 bls. 10 fotos, **R160**
**177. Swerwers op die Sonpad**, 320 bls. 30 fotos, **R200**
**178. Drie Swerwers in Suidwes**, 160 bls. 30 fotos, **R160**

**179. Memories of a Game Ranger**, deur Harry Wolhuter, 292 bls. 300 sketse van diere. Wolhuter het daarvoor bekendheid verwerf dat hy n leeu met n mes doodgesteek het. Hy is in 1902 as veldwagter in die Sabinatuurresrvaat aangestel wat nou deel van die Krugerwildtuin uitmaak.. Die boek bevat aksiebelaaide ware avontuurverhale met leeus, krokkodille, seekoeie, buffels, ens en ook met wilddiewe, tye en omstandighede wat geen wederkoms ken nie. **R190**

## 17. FIKSIE - ROOI JAN EN STAAL BURGER

**180. ROOI JAN 1** boeke nommers een tot vier, gebind in een boek. **R170**
**181. ROOI JAN 2** boeke nommers vyf tot agt, gebind in een boek. **R170**
**182. ROOI JAN 3** boeke nommers nege tot twaalf, gebind in een boek. **R170**

**183. STAAL BURGER** deur Fanus Rautenbach, 112 bls. A5 grote. Sagteband, Die nimlike Staal Burger is n huishoudelike naam sedert hy as die held in n radioreeks tydens die laat sewentigs figureer het. Staal is n baasspeurder [baie privaat] en n minnaar van formaat. Hy ry n swart Panther wat deur die nag snel ..... **R100**

**184. WONDERWERKE VAN STAAL BURGER EN ANDER STORIES** deur Fanus Rautenbach. A5 grote, 208 bls. Sagteband **R160**